Japan benodig kerke wat geestelik florerende sentrums van hoop is en wat na die behoeftes van hulle gemeenskappe kan omsien. Japan Sending voorsien werkers en hulpmiddele, om kerke te help opbou en bemagtig, sodat hulle kan groei as die liggaam van Christus en kan uitreik na die ongereddes.

## *KERSFEES-UITREIK*

Kersfees is ’n spesiale tyd van die jaar wanneer die Japannese meer ontvanklik is vir die Christelike boodskap. Japansendingwerkers is dan baie besig: hulle neem deel aan evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Werkers sal betrokke wees by meer as 100 byeenkomste om kerke te help om diegene in die plaaslike gemeenskappe wat begeer om meer te leer oor die betekenis van Kersfees, te bereik.

**Bid** vir wysheid en sterkte en dat die Here baie se harte sal verander deur hierdie evangeliese geleenthede

## *SPESIALE DANKBETUIGING*

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending ondersteun het gedurende 2024. U het 'n belangrike rol gespeel om die Here se werk te bevorder.

Ons prys die Here vir die baie saad wat gesaai is, die veranderde harte en sy getroue voorsiening. Dankie vir die wyse waarop u ons steeds ondersteun sodat ons na die verlorenes kan uitreik!

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of ’n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om ’n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAVID EN SUE VERWEY BEPLAN OM SUID-AFRIKA GEDURENDE 2026 TE BESOEK**
**Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***



***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***



***NOVEMBER/DESEMBER 2024***


***“Roep My aan en Ek sal jou antwoord”*** *(Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

***Geroep om te dien***

## *MY JUK IS SAG*


*Renata Rossouw*

Renata Rossouw is in Januarie 1968 in Pretoria, Suid-Afrika, gebore. “Ek het grootgeword in ’n Christenhuis en was betrokke by Sondagskoolaktiwiteite vanaf ’n jong ouderdom,” het Renata gedeel.

“Toe ek ouer geword het, het ek in die kerkkoor gesing en geleer hoe God ’n perfekte wêreld geskep het, maar wat besmet is deur die mens se sonde en rebellie teen God. Deur Jesus se dood aan die kruis en sy opstanding het Hy getriomfeer oor die sonde en dood en dit vir ’n sondaar soos ek moontlik gemaak het om Hom sonder vrees te nader en Hom om vergifnis te vra.

“Toe ek agtien jaar oud was, het ek my sonde bely en openlik oor my geloof in Christus gepraat. Alhoewel ek baie geweet het van God, het ek nie 'n persoonlike verhouding met Hom gehad nie. Toe ek die Bybel begin lees het, het ek besef dat ek steeds onder die mag van sonde vasgevang was en dat dit noodsaaklik was dat ek na ’n lewensbelangrike verhouding met die lewende Christus beweeg.

“Bolangs het dit gelyk of dit goed gaan met my, maar emosioneel het ek swaargekry. Ek het beangs en depressief begin raak en ek het te staan gekom voor baie lewensbesluite.

“Ek is van kleins af geleer dat ek nie ander moet verontrief nie, maar eerder selfgenoegsaam te wees en in stilte te ly.


**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 337-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**


**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**“Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb ’n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur.”**

Ek is ook geleer om negatiewe gevoelens soos pyn, vrees, woede en hartseer te hanteer.

"Dit was van die redes waarom ek geïsoleerd en vasgekeer gevoel het, en dit moeilik gevind om met my emosionele pyn te kon deel.

"In 1992, toe ek 24 jaar oud was, kon ek nie meer langer alleen voortgaan nie. en het ek alle hoop verloor. Die donkerte in my het so onuithoudbaar en oorweldigend begin word dat ek probeer het om my eie lewe te neem.

"Sonder mediese ingryping sou ek dit nie oorleef het nie, omdat ek 'n skielike hartstilstand gehad het.

"Na my tyd in die waakeenheid was ek vir 3 maande in 'n psigiatriese hospitaal opgeneem. Langs my naam op die bord in die verpleegsters se kantoor was daar in rooi letters geskryf: ***hoë selfmoordrisiko.***

"Die psigiater wat my behandel het en sy vrou was beide Christene. Hulle het vir my 'n sakgrootte Nuwe Testament van die Gideons gegee. Hulle het my gereeld besoek en saam met my gebid.

"Aangesien ek baie tyd gehad het, het ek die boekie begin lees en die dele wat my hart geraak het, onderstreep.

"Ek het Matt. 11:28-30 herhaaldelik gelees: ***'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.'***

"Dit was die uitnodiging wat ek nodig gehad het! Nooit weer sal ek probeer om alleen reg te kom nie of alleen te wees nie. Ek het daardie dag 'n besluit geneem om 'n meer persoonlike en intieme verhouding met God deur gebed te bou.

"Van toe af het ek met al my laste na die Here gegaan en aangehou om Hom te vra vir hulp, leiding, vertroosting en heling.

"Deur die inwoning van die Heilige Gees, die lees van die Bybel, te luister na Christelike boodskappe en gebede – het my persoonlike verhouding met die ware en lewende God bly verdiep.

"Ek het in Hom 'n liefdevolle Vader, Redder, ware Vriend, 'n Helper en 'n geliefde Man gevind.

"Die liefde van Christus word by die dag 'n groter werklikheid. Dit gee my bestaan betekenis, doel en waarde. Dit is die belangrikste verhouding wat ek ooit sal beleef. Die beste deel daarvan is dat dit 'n innige verhouding is! Ek sal God nooit los nie, en Hy sal my nooit verlaat nie."

## *BEDIENING IN JAPAN*

Terwyl Renata Rossouw in 2011 gewerk het as 'n sekretaresse van 'n kerk in Suid-Afrika, het sy gehoor van die behoefte aan 'n sekretaris en Engelse evangeliese onderwyser by Japansending. Sy het aansoek gedoen, is aanvaar en het in September 2011 by Japansending aangesluit.

Renata se werk by Japansending is wyduiteenlopend. Sy help ons om e-posse en korrespondensie uit te stuur wat die ondersteuners inlig oor gebedsversoeke en uitreike in Japan.

As Engelse evangeliese onderwyseres onderrig Renata Engelse gespreksvoering by drie kerke. Elke les eindig met 'n Bybelpraatjie met 'n kort boodskap in Japannees.

Vriendskapsevangelisasie is 'n belangrike deel van wat ons doen. So het Renata byvoorbeeld terwyl sy kruideniersware gekoop het, vriende gemaak met 'n jong moeder. Sy was so nuuskierig en geïnteresseerd in Renata dat sy saam met haar kerk toe geloop het en besluit het om ook die Engelse klasse by te woon!

***"Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie"*** (Prediker 6:11, OAV).

**Bid** asseblief dat die saad wat Renata getrou saai, op 'vrugbare grond' sal val, sodat baie Christus sal leer ken. **Bid** dat God vir Renata wysheid sal gee terwyl sy verskeie geleenthede kry om haar getuienisse te deel en bevriend te raak met die ongereddes.

## *LITERATUURBEDIENING*

Japansending gaan voort om Christelike literatuur beskikbaar te stel dwarsdeur Japan en baie dele van Asië. Bybels word steeds beskikbaar gestel vir Sjina, Noord-Korea, Mianmar, Kambodja en Laos. **Bid** dat die Here diegene wat die Woord van God vervoer, sal seën en beskerm. **Bid** ook dat die Here sal volhou om wysheid en die nodige bronne te voorsien vir hierdie belangrike werk.

Japansending gaan ook voort om die "Fontein van Vreugde"-traktaatjie, wat 'n mooi, volkleur, vierbladsye-traktaatjie is wat altyd 'n getuienis van bekering bevat, te publiseer. Omtrent 20 000 kopieë van hierdie traktaatjie word maandeliks by kerke en aan baie nie-Christene versprei. Baie addisionele kopieë word ook gedurende die ***Kersseisoen*** in Japan versprei. **Bid** dat die Heilige Gees harte sal aanraak terwyl hulle die getuienisse in hierdie traktaatjies lees.

## *MOTTO VAN JAPANSENDING*

Die motto van Japansending is "Geroep om te Dien." Ons is geroep om Japannese op verskeie maniere te dien, sodat baie gered kan word (I Korintiërs 9:22). Die fokus van ons bediening is tweeledig :

1. Ons eerste fokus is om verskeie middele te gebruik om die Goeie Nuus te deel en onvermoeid die saad onder die ongereddes te saai.
2. Ons tweede fokus is om die kleiner kerke in Japan wat dikwels 'n behoefte het aan Christenwerkers, evangelisasieprogramme, literatuur, media- en onderrig-hulpmiddels, te help.